# Vruggebruik word alte gou suur druiwe



Maak seker jou testament skep nie vir jou erfgename ewige probleme nie. | FOTO: ISTOCK

## Versigtig om na dié soort beplanning as kitsoplossing te gryp



Nico van Gijsen

**Raad met jou rande**

Vandag wil ek, aanvullend by my rubriek drie weke gelede, "Vruggebruik: Pasop as dit tameletjie raak", die klem bietjie verskuif.

Ek doen dit in aansluiting by die breë tema van my gesprek met die sakejoernalis Riana de Lange by *Rapport* se lesersdag voorverlede Sondag oor 'n woonplek ná aftrede.

Verblyf ná aftrede, soos ek daar uitgewys het, gaan nie alleen oor 'n keuse tussen bly aan in jou groot huis, die huisie by die see of by die kinders intrek nie.

Intrek by kinders moet sowaar die laaste uitweg wees. Kinders trek nie sonder rede uit hul ouerhuise nie, hulle wil op hul eie wees.

Vir die res? Wel, as jy goed gespaar het, het jy keuses.

Waaroor jy nie keuses het nie, is jou gesondheid. En om jou te gaan afsonder langs die see in 'n onbekende plek, ver van mediese sorg, is dalk nie 'n wyse besluit nie.

Maar laat ek terugkom by ons onderwerp, vruggebruike.

As julle gelukkig genoeg was om saam oud te word, moenie glo dat een nie voor die ander sal doodgaan nie. Dis dan wanneer vruggebruike baie keer na vore tree as 'n oplossing vir 'n dak oor die kop vir die langslewende.

### Die probleem

Kom ek begin met 'n werklike voorbeeld.

Die man (boer) het vermoed sy vrou het dalk 'n lang oog daar oor die vlakte na buurman se kant toe.

Hy wil na haar omsien wanneer hy wegval deur sy testament, maar soos ongelukkig met baie mans die geval is, ook uit die graf sake onder sy beheer hou.

Dis toe dat hy en sy prokureur die volgende bekonkel.

Hy bemaak sy plaas aan sy seun met 'n vruggebruik aan sy vrou. Vir lewenslank, of totdat sy weer trou.

Met die verdere voorwaarde dat geen manspersoon vir meer as vyf nagte aaneen in die plaashuis mag oorslaap nie.

Indien wel, sal die vruggebruik verval.

Nie lank nie of die weduwee en die buurman begin ogies maak. En toe vryerig raak.

Hul oplossing om die vruggebruikvoorwaarde te omseil?

Hulle trou nie. Bly net saam.

Gedurende die week (vyf dae) in die vrou se huis op die plaas. Dit was 'n deftiger een as buurman s'n. Naweke bly hulle op die dorp in die buurman se huis. Intussen boer die twee saam dat dit klap.

Hier is nou die ding: As sy sterf, beëindig die vruggebruik. Maar die rykdom wat sy daarmee geskep het nié. Die seun het geen seggenskap daaroor nie.

Sy kan alles aan haar nuwe liefde bemaak as sy wil.

Al doen sy dit nie, kan nuwe liefde in elk geval 'n eis teen haar boedel instel as sy voor hom sterf, vir billike onderhoud ingevolge die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades (Wet 27 van 1990), al het sy al haar goed aan haar kinders bemaak.

Die vrugte van die vruggebruik gelewer tydens die vruggebruik gaan nie oor saam met die vruggebruik-bate wanneer die vruggebruik beëindig nie.

En dit kan baie jare neem wat die seun moet wag vir sy plaas. En dan erf hy uiteindelik niks meer nie as net die grond, wat hy in elk geval al die tyd gehad het, maar niks mee kon doen nie, want sy ma had die vruggebruik.

Pasop vir kitsoplossings. Pasop om uit die graf te probeer regeer. Doen behoorlike boedelbeplanning. Dit gaan nie net oor die testament nie. Dit gaan oor dink en om dan oplossings te probeer vind.

Nie 'n een-vir-almal-oplossing nie. Een gemaak vir jou.

### Die oplossing

Hier is 'n voorbeeld van 'n goeie plan.

Hoekom nie – pleks van sommer na 'n vruggebruik te gryp as die oplossing om vir 'n langslewende gade te voorsien – die eiendom (plaas) sonder die beperkte reg aan die kind bemaak nie?

Koppel dan dié voorwaarde daaraan: Hy moet vir sy ma (dis gewoonlik mans wat eerste sterf) elke maand 'n vaste bedrag (deur jou bepaal) vir haar onderhoud en versorging betaal. 'n Annuïteit, dus.

Op dié manier is Ma versorg en die kind hoef nie te sit en wens dat sy nou maar wil doodgaan sodat hy na sy eie gesin kan begin omsien uit sy erfenis nie.

En as Ma ouetehuis toe moet gaan, is daar nie 'n gesukkel oor hoe om die vruggebruik te hanteer nie.

Hier is nog 'n wenk.

Moet liewer nie die annuïteitbetaling koppel aan die eiendom, byvoorbeeld die plaas, nie. As jy bepaal dat die annuïteit uit die opbrengs van die eiendom moet kom, skep jy as't ware 'n geleentheid vir Jan Taks om by haar dood boedelbelasting te hef op die waarde van daardie annuïteit.

Maak dit 'n verpligting op die kind in sy persoonlike hoedanigheid. Dan, by die dood van die ma, is daar geen bate wat in haar boedel opgeneem kan word nie.

Dit verval net.

Daar is steeds sekerheid met hierdie plan, want as die seun nie sy verpligting nakom nie, sal die bemaking aan hom verval.

Maak net seker dat jou testament voorsiening maak hiervoor, anders val die eiendom terug in die restant en skep jy dalk 'n behoorlike erfgemors.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.**

## Maak só seker met testament

**Nog raad**

Jou testament is 'n dokument. Net dit.

Om dit in 'n aanvaarbare regsdokument, genoem testament, om te skep, is sekere vereistes van groot belang.

Hier is die belangrikste:

■ Elkeen oor 16 jaar oud mag 'n testament opstel, mits hy of sy geestelik in staat is om die aard van wat hy of sy doen te verstaan;

■ Die testament moet onderteken wees deur die testateur (of deur iemand wat in sy of haar plek optree – dis maar net in gevalle waar die testateur nie self kan teken nie en daarvoor is ook spesiale stappe nodig);

■ Teken maar op elke bladsy;

■ Die ondertekening moet plaasvind in die teenwoordigheid van twee getuies. Dit kan nie iemand wees wat gaan voordeel trek uit die testament nie. Dit sal hulle diskwalifiseer. Dieselfde geld die aangewysde eksekuteur;

■ Die twee getuies wat die testament onderteken, moet dit in mekaar se teenwoordigheid doen, sowel as in die teenwoordigheid van die testateur;

■ Wie mag as getuies teken? Iemand oor 14 jaar oud, wat nie onbevoeg is om in 'n hof getuienis te lewer nie; en

■ Dit is altyd goed om twee oorspronklike weergawes te onderteken en op verskillende plekke veilig te bewaar.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.